education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

NOVEMBER 2009

MEMORANDUM

PUNTE: 80

Soos goedgekeur deur:

HOEDANIGHEID	NAAM	HANDTEKENING	DATUM
Interne moderator	Dr. J. Swanepoel		08-11-2009
Eksterne moderator	Prof. A. Coetser		08-11-2009
Eksterne moderator	Mev. M. Venter		08-11-2009

Hierdie memorandum bestaan uit 15 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: LEESBEGRIP

ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word gepenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie – die fokus is op begrip.
- Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering word oorweeg. Indien die kandidaat nie JA/NEE skryf nie, maar die motivering is korrek, word die punt toegeken.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/LUG JOU MENING-vrae, word die punte verdeel:
  - 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING en
  - 1 punt vir die rede/motivering/aanhaling.
    - ➢ As die leerder se WAAR/ONWAAR reg is, maar die motivering is verkeerd, verdien die leerder net EEN punt.
    - ➢ As die WAAR/ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is reg, word GEEN punte toegeken nie.
    - ➢ Vals (Fals) kan aanvaar word. (*False* is egter verkeerd, want dit is Engels).
- As 'n antwoord 'n aanhaling is, word die kandidaat nie gepenaliseer indien die aanhalingstekens ontbreek nie. Die aanhaling moet volledig volgens die teks wees, maar die kandidaat word nie gepenaliseer vir spelfoute nie.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat 'n hele reeks gee, word slegs die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar by meervoudigekeuse-vrae die letter ASOOK die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is.

VRAAG 1: KOERANTARTIKEL

Leerders moet kan lees, spel en tel.

[Verwerk en bygewerk uit: *Die Volksblad,* 1 Oktober 2008] [397 woorde]

VR	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	VLAK
1.1	• Hulle wou weet **hoe** hulle **kon** lees/spel/tel. • Hulle wou weet **hoe goed/op watter vlak/op standaard/ op watter peil** die leerders **kon** lees/spel/tel. • Hulle wou weet **hoe goed** hulle dit **kon** doen. (Enige EEN)	1	2	Vind toepaslike inligting	1

1.2	• 30% (moet % byvoeg) • dertig persent (Enige EEN)	1	2	Soeklees teks	1
1.3.1	Onwaar	1	2	Lees volgens doel en opdrag	3
1.3.2	Die leerders se prestasie in 2007 was beter, maar steeds laag. (EEN SIN en dit moet dié sin wees)	1	2	Vind toepaslike inligting	3
1.4	• Die verskille hou verband met die taal van onderrig. (1) • Moedertaal het 'n invloed op die prestasie van leerders. (1)	2	2	Vind toepaslike inligting	2
1.5	• Afrikaans (*Afrikaanssprekendes* is nie 'n taal nie.) • Die leerders is Afrikaanssprekend. (Kan *Afrikaanssprekend* egter <u>in 'n sin</u> aanbied.) (Enige EEN)	1	2	Vind toepaslike inligting	1
1.6	• Ja./(Ek) stem saam. Net 5 400 leerders het meer as 70% gekry. • Ja./Net 10% het 'n hoë punt gekry. (Die konsep, <u>*baie min*</u> moet in die antwoord omskryf word.) (Enige EEN)	1	2	Lees aandagtig volgens doel en opdrag	2
1.7	C/in sy/haar huistaal onderrig ontvang.	1	2	Herken hoe weglating van inligting betekenis beïnvloed	3
1.8.1	B/Daar is baie leerders in een klas.	1	2	Lees aandagtig volgens doel en opdrag	3
1.8.2	C/Skole kry meer hulpmiddels soos boeke.	1	2	Lees aandagtig volgens doel en opdrag	3
1.9	• Ek stem saam/nie saam nie. • Dis goed/nie goed nie. (Die kandidaat hoef nie meer as dit te skryf nie: wat na *want/ omdat* volg, is opsioneel.) (Enige aanvaarbare antwoord, maar nie: Ja/Nee nie.)	1	2	Gee persoonlike respons	4

1.10	Deur (self) onderwysers/opvoeders/leerkragte te word. (**Nie die direkte aanhaling uit die teks nie:** *Graad 12-leerders moet aangemoedig word om onderwysers te word.*)	1	2	Vind toepaslike inligting	2
1.11	Ja. (By *Ja* is die opinie beperk tot skole.) Die ouers werk. Ouers kan nie altyd lees nie. Ouers kan die taal dalk nie verstaan nie. Nee. (By *Nee* kan die opinie buite skoolverband wees.) Ouers moet ook verantwoordelik wees. Ouer mense kan ook die kinders help om te lees. Ouers moet ekstra lesse reël. (Enige sinvolle, aanvaarbare antwoord)	1	2	Gee persoonlike respons	4
1.12	Positief (Hierdie woord hoef nie in die antwoord te wees nie.): • Hulle wil die probleem oplos. OF • 'n Voorbeeld van wat hulle reeds gedoen het om die probleem op te los, bv.: - Hulle dink dat die navorsing die leerders sal help om beter te presteer. - Hulle het in 2008 met die projek "Grondslag vir Leer" begin. - Die Ithubu-projek is ook in 2007 begin. - Hulle het projekte begin wat seker maak dat geen leerder in graad 3 minder as 50% vir lees, spel en tel behaal nie. (Die eerste antwoord wat die kandidaat aanbied, moet nagesien word.) (Die vraag is in die teenwoordige tyd, daarom is antwoord positief. Dit kan nie negatief wees nie.)	1	2	Gee persoonlike respons	4
1.13	Ithubu/a (-projek) (Spelling tel nie, want dit is nie 'n eenwoord-vraag nie.)	1	2	Soeklees teks	3
					[16]

DENKVLAK 1: 7/16 [44%] DENKVLAK 2: 6/16 [38%] DENKVLAK 3: 3/16 [19%]

VRAAG 2: VAKANSIEPROGRAM
TEKEN HIERDIE DATUMS IN JOU DAGBOEK AAN!

[Saamgestel en verwerk uit: *Weg*, Aug. 2006, Feb./Mrt. 2007, Jan./Mrt. 2009 en *Mooiloop*, Sep. 2008] [397 woorde]

VR	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	VLAK
2.1	• die TV-program/om TV te kyk • die program oor die tsoenami's • Op die kassie • Discovery • Kanaal 250 (Enige EEN wat te doen het met aktiwiteit 4.)	1	2	Vind toepaslike inligting	1

2.2	C/vir jou baie lekker.	1	2	Herken die impak van figuurlike taal	3
2.3	Hulle bied (vanjaar) 'n spesiale prys/afslag/tarief vir skoolgroepe (aan).	1	2	Lees aandagtig volgens doel en opdrag	2
2.4	• A/Klein Karoo Nasionale Kunstefees toe gaan en 'n Afrikapop maak. • C/'n *Miss*-Dayzee-kombi huur en gaan leer om 'n Afrika-pop te maak. • D/oor die boomtoppe gaan gly en op 'n toer langs die Ooskus gaan. (Enige EEN)	1	2	Lees aandagtig volgens doel en opdrag	3
2.5	Die titel moet geïnterpreteer word: • die meisie lyk asof sy (in die lug) (hoog) vlieg. • dit lyk asof die meisie vry soos 'n voël is. • die meisie voel so gelukkig soos 'n voël (in die lug.) (Enige EEN of soortgelyk.) (*Gelukkig* en *tevrede* as enkelwoorde verwys na die meisie se gesigsuitdrukking en daarom is dit nie korrek nie.)	1	2	Lees aandagtig volgens doel en opdrag	3
2.6	• dit **gee inligting** (oor die tsoenami's) • ons kan meer **leer** (oor die tsoenami's/natuur) • ons kan die krag van tsoenami's **ontdek** • jy kan in die veiligheid van jou eie huis na natuurrampe kyk (Enige EEN of soortgelyk)	1	2	Gee persoonlike respons	4
2.7	D/in dagboeke belangstel.	1	2	Lees aandagtig volgens doel en opdrag	3
					[7]

DENKVLAK 1: 2/7 [30%] DENKVLAK 2: 4/7 [55%] DENKVLAK 3: 1/7 [15%]

VRAAG 3: ADVERTENSIE
Media24-skryfskool
[Verwerk uit: *Rapport*, 7 Desember 2008] [122 woorde]

VR	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	VLAK
3.1	• (By die) Media24-skryfskool • Media24 (Enige EEN)	**1**	2	Vind toepaslike inligting	1

3.2.1	Waar	1	2	Lees volgens doel en opdrag	3
3.2.2	• Ons soek 15 talentvolle leerders wat daaraan dink om in die toekoms joernalistiek te gaan studeer. • Leer meer oor die wêreld van joernalistiek in net 10 maande! • Leer meer oor die wêreld van joernalistiek. • Die wêreld van joernalistiek in net 10 maande. (Enige EEN en die aanhaling moet korrek wees, maar aanhalingstekens is nie verpligtend nie.)	1	2	Vind toepaslike inligting	3
3.3	• rekenaarvaardigheid/rekenaargeletterdheid • om met die rekenaar te werk (Enige EEN)	1	2	Soeklees teks	1
3.4	• 'n Nuwe skryfstuk is nie ingesluit nie. • 'n Nuwe lang skryfstuk is nie ingesluit nie. • 'n Nuwe skryfstuk van 500 woorde is nie ingesluit nie. • Alles wat nodig is, is nie ingesluit nie. • Dit is nie die **Afrikaans**portefeulje nie. • Die kandidaat het nie al drie die dokumente ingesluit nie. (Enige EEN)	1	2	Lees volgens doel en opdrag	4
3.5	• Dit lig die belangrikste inligting uit./Dit hef die inligting uit. • Beklemtoon • Dit trek die aandag. • Dit prikkel die belangstelling/attensie (sodat 'n mens die hele advertensie wil lees.) (Enige EEN of soortgelyk)	1	2	Lees volgens doel en opdrag	1
3.6	Ja. Dit sal 'n leerder help om beter te doen in sy of haar studies. Dit verbeter of ontwikkel jou skryfvermoë. Dit kan die matrikulant help om aan te pas op universiteit. Dit help om suksesvol te wees. Dit sal die leerder help om 'n joernalis te word. Nee. Die leerder kan liewer gaan werk en uit eie ervaring leer. Dit stel net die aanpassing by verdere studies met 'n jaar uit. (Eie opinie met 'n logiese motivering)	1	2	Gee persoonlike respons	4
					[7]

DENKVLAK 1: 3/7 [40%] DENKVLAK 2: 2/7 [30%] DENKVLAK 3: 2/7 [30%]

OPSOMMING VAN DENKVLAKKE VIR AFDELING A

DENKVLAK 1: 12/30 [40%] DENKVLAK 2: 12/30 [40%] DENKVLAK 3: 6/30 [20%]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

ASSESSERINGSRIGLYNE

ALGEMEEN
Lees die hele opsomming om 'n geheelindruk van die opsomming te kry.

- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien beplanning wel gedoen is, moet dit duidelik aangedui wees.
- Indien nie aangedui nie, word die eerste opsomming nagesien.

- Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra woorde toegelaat. **Die res van die opsomming word geïgnoreer**.
- Indien die opsomming te kort is, maar dit bevat al die vereiste inligting, word die kandidaat **nie gepenaliseer nie**.

- Kandidate mag nie afkortings in hul opsommings gebruik nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

PUNTE WORD SOOS VOLG TOEGEKEN
- Feite: 7 punte
- Taal: 3 punte

DUI DIE PUNTE SÓ AAN:

Feite **(7) + T**aal **(3) = (10)**

FOrmaat **(− 0/1) W**oord **(− 0/1) A**anhaling **(− 0/1/2)**

= TOTAAL

STAP 1: FEITE (7)
- Slegs feite wat in **volsinne** aangebied word, verdien punte. ('n Volsin het 'n werkwoord.)

STAP 2: TAAL (− 0/1/2/3)
- **ELKE taalfout** (grammatika, spelling en punktuasie) in **ELKE feit word aangedui (ook in verkeerde feite), daarna getel en soos volg bereken**:

0 – 4 foute:	geen penalisering nie
5 – 10 foute:	trek 1 punt af
11 – 15 foute:	trek 2 punte af
16 foute of meer:	trek 3 punte af

TIPIESE TAALFOUTE
- Woordorde in enkelvoudige sin (bv. O/werp + ww. + v/werp)
- Woordorde in saamgestelde sinne (Voegwoord 1, 2 en 3)
- Omgekeerde woordorde
- Tyd, wyse, plek- Direkte vertaling (moedertaalinvloed)
- Dubbelnegatief
- Voornaamwoorde
- Lydende vorm
- Infinitief

STAP 3: FORMAAT (− 0/1)
- Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied:
  - puntsgewys in kolomme of onder mekaar.
  - indien die feite nie duidelik as positief en negatief aangedui is nie, neem aan dat die eerste vier positief moet wees en die laaste drie negatief.
  - penaliseer **met een punt** indien die opsomming in paragraafvorm aangebied is. (Dit is 'n toegewing vir vanjaar se tipe opsomming.)

STAP 4: GETAL WOORDE (− 0/1)
- Kandidate MOET die **korrekte** getal woorde aandui.
- Indien die kandidaat nalaat om die getal woorde aan te dui of die verkeerde getal woorde is aangedui, penaliseer **met een punt** aan die einde.

STAP 5: AANHALINGS (− 0/1/2)
- Vir **direkte aanhalings** van sinne word daar soos volg gepenaliseer:

1 – 3 volledige sinne aangehaal: geen penalisering nie
4 – 5 volledige sinne aangehaal: trek 1 punt af
6 – 7 volledige sinne aangehaal: trek 2 punte af

VRAAG 4: RESTAURANTRESENSIE
Die Kosmandjie nie verniet gewild nie
[Verwerk uit: *Die Burger*, 7 November 2007] [256 woorde]

AS 2: Som hoof- en ondersteunende gedagtes in sinne, puntsgewys op.

PLUSPUNTE (Positiewe dinge)	**KRITIEK (Negatiewe dinge)**
• Die bestuurder het die mense na hulle tafel geneem./Hy was vriendelik. • Die kelnerin het vinnig gekom om die bestelling vir die drankies te neem. • Die bestuurder het met die klante gesels. • Die bestuurder het tussen die tafels rondbeweeg. • Die kelnerin het hulle nie gepla om te hoor wat hulle gaan eet nie./Hulle kon op hulle tyd besluit wat om te eet. • Die atmosfeer was aangenaam. • Die kos het baie goed gelyk. • Die vleis was die lekkerste ooit/sag en sappig. • Die restaurant het 'n pragtige agtergrond./Die restaurant het 'n pragtige uitsig	• Die musiek was te sag. • Die lamsvleis het soos wildsvleis geproe. • Die vleis was nie lamsvleis nie. • Die kelnerin het lank geneem om weer na die drankies te kom kyk/weer na hulle tafel te kom.

Die teks soos in die vraestel	Die positiewe (6) en negatiewe (3) punte
1 Toe ons by die restaurant inloop, het ons nie geweet wat om te verwag nie. Die bestuurder het ons na ons tafel geneem. Net daarna het die kelnerin, Khanyi, ons bestelling vir drankies geneem. 2 Ek en my metgesel, James, het dit geniet om na die plek en die mense te kyk. Die bestuurder het heeltyd tussen die tafels rondbeweeg en met die klante gesels. 3 Khanyi het ons genoeg tyd gegee om te besluit wat ons gaan bestel. Ek het geroosterde lamsvleis met skyfies bestel en James het 'n *Steak Diane* ('n 300 g-porsie biefstuk met sous bo-oor) met skyfies bestel. 4 Gewoonlik kan 'n mens by enige restaurant terugsit, die atmosfeer waardeer en na rustige musiek luister terwyl jy vir jou kos wag. Daar was hier egter net een probleem. Die musiek was só sag dat ek my ore moes spits om te hoor. 5 Toe Khanyi ons kos bring, kon ek nie glo hoe smaaklik en heerlik dit lyk nie! Ek het dadelik begin eet, maar iets het my gepla: die lamsvleis het vir my na wildsvleis geproe. Dit was steeds van die lekkerste vleis wat ek nog geëet het. Sag en sappig, maar dit was definitief nie lamsvleis nie! 6 Khanyi het te lank geneem om weer te kom hoor of ons drankies nog reg was, maar ons tafel was nie die enigste tafel om te bedien nie. Die plek was werklik baie besig. 7 Ek dink tog *Die Kosmandjie* met die reuse-oseaan op die agtergrond, is die moeite werd om te besoek.	**Positief:** • Die bestuurder het die mense na hulle tafel geneem./Hy was vriendelik. • Die kelnerin het vinnig gekom om die bestelling vir die drankies te neem. • Die bestuurder het met die klante gesels. • Die bestuurder het tussen die tafels rondbeweeg. • Die kelnerin het hulle nie gepla om te hoor wat hulle gaan eet nie./Hulle kon op hulle tyd besluit wat om te eet. • Die atmosfeer was aangenaam. • Die kos het baie goed gelyk. • Die vleis was die lekkerste ooit/sag en sappig. • Die restaurant het 'n pragtige agtergrond./Die restaurant het 'n pragtige uitsig. **Negatief:** • Die musiek was te sag. • Die lamsvleis het soos wildsvleis geproe. • Die vleis was nie lamsvleis nie. • Die kelnerin het lank geneem om weer na die drankies te kom kyk/weer na hulle tafel te kom.

DENKVLAK 1: 0/10 **DENKVLAK 2: 10/10 [100%]** **DENKVLAK 3: 0/10**

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL

ASSESSERINGSRIGLYNE

VRAAG 5: WOORDSTRUKTURE

- **Spelling moet korrek wees.**
- Indien woorde met ’n hoofletter aangebied is, word dit as korrek aanvaar.
- Waar ’n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.

VRAAG 5: TYDSKRIFARTIKEL
Lekka, lekka ywe!
[Uit: *Die Burger*, 29 Julie 2008]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	VLAK
5.1	groentewaens	1	4	gebruik meervoudsvorm	1
5.2	SAPD	1	4	gebruik alledaagse afkorting	1
5.3	verskoning/ verskonings	1	4	gebruik afleiding: ww. > s.nw.	1
5.4	gereed/voorbereid/ slaggereed/oorgehaal	1	4	gebruik sinoniem	1
5.5	varsste	1	4	gebruik trappe van vergelyking: oortreffende trap	1
5.6	kinderdae	1	4	gebruik samestelling	1
5.7	groenteverkoper/ groentesmous/ groenteman/smous/ venter	1	4	gebruik een woord vir ’n omskrywing/ samestellende afleiding	1
5.8	swaer/skoonbroer (HAT)	1	4	gebruik geslagsvorm: manlik	1
5.9	laaste	1	4	gebruik antoniem	1
5.10	doodmoeg/hondmoeg/ vrekmoeg	1	4	gebruik intensiewe vorme	1
5.11	Sê/sê	1	4	pas kennis toe van spelreëls: kappie	1
5.12	(Die sin moet nie die betekenis oordra van ’n houer waarin iets gesit word nie.) **As werkwoorde:** Ek laat my kop sak. Ek laat die tou sak. Sak, Sarel. Die skrum sak. Die koei sak. Iets laat sak. Die moed laat sak. Die eksamen sak. (Ook in toekomende en verlede tyd)	1	4	gebruik homoniem	1

	Die reën sak uit. Die reën sak neer. Hy sak op sy knieë af. **Idiomatiese taal:** Sak, Sarel. Ek sit in sak en as. Dit vat aan 'n man se sak. Die hand diep in die sak steek/sit. Jy koop jou 'n kat in die sak. Trek sak en pak. **Selfstandige nw.:** 'n Sak onder die oog.				
5.13	lewensredder	1	4	gebruik samestellende afleiding	1
5.14	erken	1	4	gebruik paroniem	1
5.15	herken/ken (Kon ook 'n glimpen gebruik het.)	1	4	gebruik woordeboek effektief: klem	1
5.16	ysige	1	4	gebruik verboë vorme korrek: attributief	1
5.17	vriend	1	4	identifiseer basisvorm/stam	1
5.18	piesankie	1	4	gebruik verkleinwoord	1
					[18]
DENKVLAK 1: 18/18 (100%)		**DENKVLAK 2: 0/18**			**DENKVLAK 3: 0/18**

AFDELING C: TAAL

VRAAG 6: SINSTRUKTURE

ASSESSERINGSRIGLYNE

- **Eenwoord-antwoorde** word as verkeerd aangedui as die spelling verkeerd is.
- In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout **in die taalstruktuur** getoets word.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Waar direkte en indirekte rede en punktuasie getoets word, mag ½ punte toegeken word.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord as die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.

VRAAG 6: KOERANTARTIKEL
Redes vir die misbruik van alkohol
[Uit: *JIP*, 29 Julie 2008]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS2	VLAK
6.1	Die lewe is vir baie tieners moeilik (,) **daarom** word alkohol 'n troosmiddel. (EEN SIN)	1	4	gebruik voegwoordelike bysin: vgw. 2 verbind die sinne: die eerste ww. uit sin 2 direk na die vgw.; onderwerp en ww. ruil.	2
6.2	Tieners het niks wat 'n uitlaatklep vir hulle frustrasies is nie. OF Tieners het nie iets wat 'n uitlaatklep vir hulle frustrasies is nie. OF Nee, tieners het niks/nie iets wat 'n uitlaatklep vir hulle frustrasies is nie.	1	4	gebruik die ontkennende vorm: iets > niks ... nie	1
6.3	Hulle sê: "Drank **kan** ons hartseer **wegneem**." OF "Drank **kan** ons hartseer **wegneem**," sê hulle. OF "Drank **kan** ons hartseer **wegneem**." (1)	**2**	4	gebruik direkte rede: vgw. 3 > ww. (kan) skuif tot na die onderwerp en ons > hulle; 1 punt vir woordorde met korrekte vnw.; 1 punt vir AL die leestekens korrek; indien <u>*Hulle sê*</u> weggelaat is, verdien die kandidaat slegs (1)	1
6.4	Alkohol sal/gaan 'n groot gevaar vir 'n verveelde tiener wees. OF Alkohol sal/gaan 'n groot gevaar wees vir 'n verveelde tiener.	1	4	gebruik toekomende tyd: sal/gaan vervang ww. en ww. skuif na die einde van sin; is > sal wees.	1

6.5	Tieners gebruik alkohol om ontslae te raak van negatiewe gevoelens. OF Tieners gebruik alkohol om van negatiewe gevoelens ontslae te raak. OF Tieners gebruik alkohol om ontslae van negatiewe gevoelens te raak.	1	4	gebruik infinitief: om ... te + ww.	2
6.6	Wat keer weer na ’n paar uur weer terug? OF Watter gevoelens keer na ’n paar uur weer terug? OF Watter gevoelens keer na ’n paar uur terug?	1	4	identifiseer en gebruik vraende vnw. Vraagteken moet daar wees om punt te verdien.	2
6.7	Tieners drink baie naweke sonder toestemming in raveklubs. OF ... drink baie naweke sonder toestemming in raveklubs.	1	4	gebruik bywoordelike bepaling van tyd, wyse en plek in die korrekte volgorde	1
6.8	Navorsers sê dat baie tieners alkohol drink uit frustrasie. OF Navorsers sê dat baie tieners alkohol uit frustrasie drink. OF Navorsers sê dat baie tieners uit frustrasie alkohol drink. OF Navorsers sê baie tieners drink alkohol uit frustrasie. OF Navorsers sê baie tieners drink alkohol uit frustrasie alkohol.	1	4	gebruik indirekte rede	2
6.9	Alkoholmisbruik word deur selfbeeldprobleme veroorsaak. OF Alkoholmisbruik word veroorsaak deur selfbeeldprobleme.	1	4	gebruik passief/lydende vorm in teenw. tyd	3
6.10	aan	1	4	gebruik voorsetsels	1

6.11	Min ouers het hulle kinders verstaan.	1	4	gebruik verlede tyd; het neem die plek van die ww.; ww skuif na einde van sin; geen verbuiging van ww.	1
6.12	Swak kommunikasie tussen ouer en kind is 'n probleem.	1	4	gebruik teenwoordige tyd: was > is	1
6.13	Tieners (,) praat met julle ouers**!** OF Tieners praat met julle ouers**!** OF Praat met julle ouers (,) tieners**!** OF Praat met julle ouers tieners**!** OF Praat met julle ouers**!** OF Julle moet met julle ouers praat**!**	1	4	gebruik verskillende sinsoorte: stelsin > bevelsin. Uitroepteken moet daar wees om punt te verdien.	2
6.14	verslawende	1	4	gebruik teenwoordige deelwoord	2
6.15	Ouers en kinders gesels daagliks oor hulle probleme. Ouers en kinders **moet** daagliks oor hulle probleme gesels. Daagliks gesels ouers en kinders oor hulle probleme. Daagliks **moet** ouers en kinders oor hulle probleme gesels. *Ken punt toe ongeag die antwoord óf indien die vraag oorgeslaan of nie beantwoord is nie.*	1	4	gebruik onderwerp, voorwerp en gesegde: sinsbou – onderwerp, ww., bywoord van tyd en voorwerp (ww.) Ook: bywoord van tyd, ww., onderwerp en voorwerp (ww.).	3
6.16	Navorsing het die redes vir alkoholmisbruik uitgewys.	1	4	gebruik aktief/bedrywende vorm: verlede tyd; skeibare ww. oet as EEN woord geskryf	3
					[17]
DENKVLAK 1: 14/17 [82,5%]		**DENKVLAK 2: 3/17 [17,5%]**			**DENKVLAK 3: 0/17**

VRAAG 7: KRITIESE TAALBEWUSTHEID – SPOTPRENT

[Uit: *Die Burger,* 9 Augustus 2004]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS3	VLAK
7.1	• Daar is 'n man in die kombuis. • 'n Man is besig om te bak. • Die man dra 'n voorskoot. • Ons hoef nie net 'n vrou in die kombuis te verwag nie. (Enige EEN of soortgelyk) Ken punt toe ongeag die antwoord óf indien die vraag oorgeslaan of nie beantwoord is nie.	1	4	identifiseer stereotipering (Nommering het verwarring veroorsaak)	4
7.2.1	positief	1	4	identifiseer houding	4
7.2.2	B/armoede en oorlog persoonlik beleef. C/lande in Wes-Afrika fisies kan besoek. D/sweet, vis en goedkoop parfuum kan ruik.	1	4	verduidelik implisiete boodskap	3
7.2.3	Jy bly by die huis. Ken punt toe ongeag die antwoord óf indien die vraag oorgeslaan of nie beantwoord is nie.	1	4	verduidelik denotasie: idioom (Fout op vraestel)	3
7.2.4	• beslis • móét (Enige EEN WOORD)	1	4	identifiseer manipulerende taal	4
					[5]

DENKVLAK 1: 0/5 DENKVLAK 2: 2/5 [40%] DENKVLAK 3: 3/5 [60%]

TOTAAL AFDELING C: 40

GROOTTOTAAL: 80

Kopiereg voorbehou